# KAN 'N GEREDDE PERSOON KIES OM VERLORE TE GAAN?

JOE CREWS

Kopiereg © 2005 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

Voorbladontwerp:  Haley Trimmer

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# KAN 'N GEREDDE PERSOON KIES OM VERLORE TE GAAN?

DEUR JOE CREWS

1. DIE KRAG VAN KEUSE ……………………………………………
2. MILJOENE SIELE OP DIE SPEL …………………………………
3. GEEN SONDE IN DIE HEMEL ……………………………………
4. DIE GEHEIM VAN VOORTGESETTE LEWE IS VOORTGESETTE VOLHARDING ………………..
5. SEKERHEID IS EWIGDUREND VIR SLEGS DIEGENE WIE SE GELOOF OP JESUS GEVESTIG IS ………
6. VERLOSSING KAN VERBEUR WORD ……………………
7. DIE GEVAAR DAARVAN OM 'N VERWORPENE TE WEES ………………………………………………………
8. TAKKE KAN AFGESNY WORD ………………………………….
9. WAT BETEKEN DIT VIR DIE CHRISTEN OM SY "EERSTE LIEFDE" TE VERLAAT? ……………
10. KEER 'N AFVALLIGE ALTYD TERUG NA DIE HERE VOOR SY DOOD? ………………………….
11. GEEN MENS KAN UITGERUK WORD NIE ………………
12. GERED – IN DIE VERLEDE, HEDE, EN TOEKOMS ……

EEN

# DIE KRAG VAN KEUSE

Die krag van keuse is ‘n wonderlike geskenk van God. Daar is een keuse wat God die mens egter nooit toelaat om uit te oefen nie. Niemand kan kies of hy met of sonder ‘n sondige natuur gebore wil word of nie. Die besluit wat ons lewens die meeste beïnvloed, was lank, lank gelde deur ons voorvaders gemaak. Ons het geensins enige keuse oor die soort natuur wat ons by geboorte besit nie. Dit is ‘n sondige natuur. Indien onveranderd, lei dit tot die ewige dood.

Selfs al is ons egter met ‘n sondige natuur gebore, gee God ons nogtans ‘n keuse om dit te kan verander. Dit is ‘n persoonlike, soewereine keuse wat niemand van ons kan wegneem nie. Dit is ongetwyfeld die belangrikste besluit waarvoor enige persoon gedurende sy leeftyd te staan sal kom. Die keuse is of ons toegee aan ons sondige natuur en vir ewig sterf, of ‘n nuwe karakter ontwikkel deur geloof in Christus en vir ewig lewe.

Heelwat meningsverskil bestaan oor die soort keuse wat aan elkeen van ons gebied word. Miljoene glo dat God die deur oopmaak vir ‘n eenkeer-in-‘n-leeftyd besluit en dan daardie deur vir ewig toemaak. Dit sou wees asof God sê: “Ek gaan jou slegs een besluit gee om te verander vanaf jou gedoemde toestand. Wanneer jy besluit het om gered te word, kan jy nooit weer kies om verlore te gaan nie. Wanneer jy Jesus as jou Verlosser aanvaar, sal dit die finale keuse wees wat jy ooit oor jou ewige bestemming sal maak. Indien jy later van plan sou verander en jou besluit verwerp, sal dit te laat wees. Ongeag van hoe ernstig en opreg jy verlang om verlore te gaan en jou te bekeer van jou bekering, sal jy nie die ewige lewe kan ontglip

nie. Geen verbitterde rebellie, opsetlike godslastering, of sondige leefwyse kan daardie eens-en-vir-altyd besluit om gered te wees, verander nie. Ek sal jou geen verdere keuse toelaat nadat jy Jesus as jou Verlosser aanvaar het nie."

Basies is hierdie die geloof van 'n groot gedeelte van Christene wat die leerstelling van ewigdurende sekerheid voorstaan. 'n Ander ewe opregte groep van Christene glo dat God die deur vir ons ooplaat om ons gedagtes ter enige tyd te verander. Hulle glo dat verlossing nie bevestig word op 'n enkele onomkeerbare daad of keuse van die verlede nie, maar op 'n voortgesette, persoonlike verhouding van die gelowige met Christus. Wanneer die besluit om die liefdesverhouding te verbreek deur opsetlike ongehoorsaamheid gemaak word, hou die gelowige op om 'n opregte gelowige te wees en verbeur enige sekerheid van verlossing.

## TWEE
## **MILJOENE SIELE OP DIE SPEL**

Die sonderlinge bedoeling van hierdie kwessie is oorweldigend. Indien daar 'n onvoorwaardelike toekomstige sekerheid vir alle gelowiges is, moet dit die wonderlikste leerstelling wees wat bestaan. Indien dit egter nie waar is nie, is dit sekerlik een van die gevaarlikste dwaalleringe in die wêreld. Miljoene kan gered word of verlore gaan weens die besluit wat hulle oor hierdie een punt maak.

Laat ek u 'n voorbeeld gee van hoe dit die lotsbestemming van mense van dag tot dag beïnvloed. By een van my lesings was daar meer as 100 mense teenwoordig wat gegrond was in die geloof van ewige sekerheid. Hulle was aangegryp deur die openbaring van die Bybelwaarheid waarna hulle geluister het. Die sewendedag Sabbat het hulle veral gaande gehad, omdat

hulle dit nog nooit vantevore verstaan het nie. Almal was ten volle oortuig dat Saterdag die ware Sabbat van die Bybel was, en hulle het die belangrike profetiese leerstellings gretig aanvaar. Van daardie 100 persone het egter slegs ‘n paar enige besluit gemaak om die waarheid te gehoorsaam. Byna almal van hulle het Sabbatprobleme gehad met betrekking tot hulle werk. Dit sou ongerief, ekonomiese probleme, en moontlike verlies van werk vir hulle beteken het indien hulle die waarheid ten volle sou volg. Elkeen wat die boodskap verwerp het, het vir my dieselfde verduideliking gegee: “Ons is alreeds gered,” het hulle gesê, “en ons kan nie verlore gaan nie. Waarom moet ons die kans waag om ons werk te verloor deur die Sabbat te hou? Ons sal nie enigsins meer gered wees deur die Sabbat te hou as wat ons op die oomblik is nie, en ons kan sekerlik nie verlore gaan deur nie die Sabbat te hou nie.”

Kan u sien hoe hulle argument gestrook het met hulle leerstelling? Vir hulle was verlossing nie verbind met gehoorsaamheid of om geestelik te groei nie. Alles het gefokus op ‘n oomblik in die verlede toe hulle ‘n besluit vir Christus gemaak het. Of hulle nou enige verdere openbaring van waarheid gehoorsaam of nie, kon dit geen invloed op hulle finale bestemming hê nie. Hulle kon die vierde gebod, die sewende gebod, of al die gebooie verbreek, en nog steeds vir ewig seker voel met die belofte wat hulle verkry het “toe hulle gered was.” Hierdie mense het wel geglo dat hulle ongehoorsaamheid die vreugde en vrede van hulle verhouding met God kon beïnvloed, maar nooit die sekerheid van uiteindelike verlossing nie.

Dit is duidelik dat hierdie leerstelling baie goed ondersoek moet word. Te veel ewige gevolge hang aan die aanvaarding of verwerping daarvan. Ons moet vrae soos die volgende beantwoord: Kan ons ons gedagtes daaroor verander om

gered te wees? Gee ons ons reg van keuse prys wanneer ons tot bekering kom? Bestaan verlossing uit een grootse, heilige oomblik van besluitmaking, of moet ons voortgaan in die verlossende genade van Christus na daardie besluit? Kan God besoedelende sondes in Sy heilige koninkryk inneem? Gelukkig het die Bybel honderde pragtige, duidelik tekse om hierdie vrae te beantwoord. Ons gaan saam daarna kyk, en ook ‘n paar tekse ondersoek wat vertolk word om die leerstelling te ondersteun van “eenmaal gered, altyd gered.”

DRIE

## GEEN SONDE IN DIE HEMEL

Toe hy van die Nuwe Jerusalem gepraat het, het Johannes gesê, “En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig” (Openbaring 21:27). Jesus het gesê, “Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien (Mattheus 5:8). Paulus het herhaaldelik geskryf oor die uitsluiting van sondaars uit die hemel. Sonde is die enigste iets wat in die oë van God verontreinig, en niemand wat bewustelik sonde beoefen sal ooit in Sy koninkryk ingaan nie. Paulus het geskryf: “Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie? Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers … of diewe of gierigaards of dronkaards … sal die koninkryk van God beërwe nie” (1 Korinthiërs 6:9,10).

Nêrens in die Bybel word ingang tot God se koninkryk gekoppel aan ‘n kortstondige – of selfs tydelike – geloofservaring van die verlede nie. Verlossing is ‘n dinamiese, groeiende verhouding met die enigste Een wat die ewige lewe het om te skenk. Dit vereis voortgesette kontak ten einde dit te ontvang. Die opregte lewe van God kan met die mens gedeel word, maar NOOIT AFSONDERLIK VAN ‘N LEWENDE

VERBINTENIS MET CHRISTUS NIE! “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Johannes 5:12).

Net soos wat die voortdurende skeppende energie van God nodig is om die heelal te onderhou en om atome bymekaar te hou, so is Sy goddelike krag gedurig nodig om geestelike lewe in die mens te onderhou. Wanneer ‘n persoon opsetlik kies om homself van God te skei, word die kontak verbreek en die geestelike lewe hou op om te vloei. God sal ook nie inbreuk maak op die wil van enigiemand om daardie keuse te maak nie. Vir bewys dat Christene hulle verbintenis met Jesus kan verloor en verlore kan gaan, lees Johannes 15:1-6. Daar verduidelik Christus een van die grootste geheimenisse van die ewige lewe. “Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand” (vs. 5,6).

VIER

## DIE GEHEIM VAN VOORTGESETTE LEWE IS VOORTGESETTE VOLHARDING

Let daarop dat die geheim van voortgesette lewe voortgesette volharding is. Indien ‘n persoon nie in Christus bly nie, verwelk hy, sterf, en word uiteindelik verbrand. Dit bewys dat die verhouding van ‘n gelowige met Christus nooit iets staties is wat gebaseer is op slegs een ervaring in die verlede nie. Dit is ‘n deurlopende, wedersydse deel van ‘n gesamentlike lewe wat verkry word van Hom “wat ons lewe is” (Kolossense 3:4). Wanneer die loot van die wingerdstok geskei word, is die bron van lewe weg en slegs die dood kan volg.

Hierdie woorde van Jesus is te duidelik om misverstaan te word.  Selfs gelowige, vertrouende Christene wat aan die lewendige wingerdstok verbind is, kan kies om hulleself van die wingerdstokke skei.  Wanneer hulle dit doen, sterf hulle en sal in die vuur gegooi en verbrand word.  Niks kan verwelk en sterf wat nie voorheen lewendig was nie.

Sekerheid is ewig slegs vir diegene wie se geloof vir ewig op Jesus gevestig is, en wie se lewe aan die Een verbind is wat ons lewe is.  Dit is duidelik dat ons kan kies om verlore te gaan ongeag van hoe gered ons eens was.  Alles hang daarvan af om die goddelike verbintenis met die ware wynstok te behou.

Jesus het dieselfde ernstige waarheid geleer oor om die ewige lewe te verloor in die gelykenis van die saaier.  Met Sy verduideliking van die saad wat tussen die dorings en rotse geval het, het Jesus gesê, “Dié langs die pad is die hoorders. Daarna kom die duiwel en neem die woord uit hul hart weg, sodat hulle *nie sou glo en gered word nie*.  En dié op die rots is hulle wat die woord met blydskap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle *net vir ‘n tyd glo*, en in die tyd van versoeking val hulle af”  (Lukas 8:12,13, beklemtoning bygevoeg).

Daar is verskeie dinge waarna gekyk moet word in hierdie gelykenis.  Eerstens, slegs een soort sal uiteindelik gered word – diegene wat baie vrugte dra.  Die groepe wat voorgestel word deur die pad en die rotse sal nie gered word nie.  In vers 12, het die hoorders langs die pad nie ‘n kans gehad om “te glo en gered te word nie,” maar in die volgende vers glo die hoorders “vir ‘n kort rukkie.”  Watter soort “glo” is hierdie?  Volgens vers 12 is dit die soort wat red.  *Diegene wat dus vir ‘n rukkie geglo het, was vir ‘n rukkie gered,* maar in die tyd van versoeking het hulle verdwyn.  Natuurlik was hulle uiteindelik verlore saam met al die ander, behalwe die vrugte-draers.  Hier is ‘n

ondubbelsinnige lering van onse Here dat mense vir ‘n rukkie ‘n verlossende geloof kan hê, maar dit tog kan verloor en verlore kan gaan.

## VYF
## SEKERHEID IS EWIGDUREND VIR SLEGS DIEGENE WIE SE GELOOF OP JESUS GEVESTIG IS

Diegene wat die relaas van die Evangelies noukeurig lees, sal herhaalde gesaghebbende stellings van Jesus vind om die leerstelling van ewige sekerheid te verwerp. In Lukas 12:42-46, het Christus in ‘n ander gelykenis beskryf hoe ‘n getroue dienskneg in ‘n ontroue dienskneg kan verander. Nadat Jesus gevra het, “Wie is dan die getroue en verstandige bestuurder wat die heer oor sy diensvolk sal aanstel om hulle rantsoen op tyd te gee?” beantwoord Hy Sy eie vraag: “Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, só besig sal vind … hy sal hom oor al sy besittings aanstel” (vs 42-44). Dan verduidelik Christus hoe daardie dienskneg sy beloning kan verbeur. “Maar as daardie dienskneg in sy hart sê: My heer talm om te kom, en hy die diensknegte en diensmaagde begin slaan, en begin eet en drink en dronk word, dan sal die heer van daardie dienskneg kom op ‘n dag dat hy dit nie verwag nie, en op ‘n uur dat hy dit nie weet nie, en sal hom pynig en hom ‘n deelgenoot maak van die ontroues” (vs. 45, 46).

Hier is ‘n volmaakte voorbeeld deur die Meester Onderwyser oor hoe ‘n getroue en selfstandige dienskneg saam met die ongelowiges gestraf kan word. Jesus het gepraat van ‘n man wat Hy as getrou genoeg beskou het om baie verantwoordelikhede aan toe te vertrou. Ongetwyfeld verteenwoordig hierdie dienskneg diegene wat die Here nougeset as ware gelowiges gedien het. Wat het dan gebeur?

Daardie getroue dienskneg het van die pad van getrouheid afgedwaal en het ewige verderf en die dood geoes. Herinner hierdie ons nie ook aan die woorde van Hebreërs 10:38 nie: "Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie." Die dienskneg in die gelykenis, wat 'n gelowige *was,* word nou *saam met* die ongelowiges gestraf. Die getroue kan omdraai na verdoemenis.

SES
## VERLOSSING KAN VERBEUR WORD

Nog een van Christus se gelykenisse beklemtoon die feit dat voortgesette vergifnis vir die gelowige voorwaardelik is. Die verhaal word in Mattheus 18:23-35 gevind en wentel om die vergifnis van God. 'n Sekere koning het gereageer op die pleidooie van sy dienskneg en hom vrygestel van 'n groot skuld. Daardie dienskneg het uitgegaan en 'n mededienskneg gevind wat vir hom 'n klein bedraggie geskuld het en het geen genade betoon nie en hom in die gevangenis laat gooi omdat hy nie kon betaal nie. Toe die koning gehoor het wat gebeur het, het hy sy besluit herroep en daardie dienskneg aan die pynigers oorgegee totdat hy dit ten volle vereffen het.

Niemand kan die duidelike leerstelling van hierdie gelykenis ontken nie. Selfs al vergeef God genadiglik diegene wat daarvoor vra, is daardie vergifnis nie onvoorwaardelik vir die toekoms nie. Ons kan daardie vergifnis verbeur deur ongenadig teenoor andere te wees. Dit stryk met die woorde van die Here in Esegiël 33:13: "As Ek aan die regverdige sê dat hy sekerlik sal lewe, en hy vertrou op sy geregtigheid en doen onreg, dan sal aan al sy geregtighede nie gedink word nie, maar deur sy onreg wat hy doen, daardeur sal hy sterwe."

Die beginsel word in vers 18 herhaal: "As die regverdige afwyk van sy geregtigheid *en onreg doen*, dan sal hy ten gevolge daarvan sterwe" (beklemtoning bygevoeg).

Die geheim lê daarin om die regverdige verhouding met die Bron van verlossing te behou. Jesus het gesê, "Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word" (Mattheus 24:13). Niemand sal uiteindelik gered word wat nie in die krag van God volhard het teen 'n weg van opsetlike sonde nie. Diegene wat nie tot die einde toe volhard nie, se name sal uit die boek van die lewe uitgewis word. Voorstanders van ewige sekerheid ontken dat dit ooit sal gebeur, maar lees die skrikwekkende moontlikheid vir uself in Openbaring 3:5: "Wie oorwin, … en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie." Die implikasie is duidelik dat diegene wat nie oorwinnaars is nie – wat nie tot die einde volhard nie – se name uitgewis sal word.

Al hierdie versies sê presies dieselfde ding. Opsetlike sonde verbreek die verhouding waardeur die ewige lewe verkry word. Daar is 'n ewige "as" in elke oorweging van ewige sekerheid. "As ons in die lig wandel, … en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde" (1 Johannes 1:7). "Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die Vader bly" (1 Johannes 2:24). "En as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie" (Hebreërs 10:38). "As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot" (Johannes 15:6). "As iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie" (Johannes 8:51). "Maar goedertierenheid oor jou as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word" (Romeine 11:22). "Want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie" (2 Petrus 1;10). "Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou"

(Hebreërs 3:14). "As ons verdra, sal ons met *Hom* regeer. As ons *Hom* verloën, sal Hy ons ook verloën" (2 Timótheüs 2:12). "Want as ons opsetlik sondig … bly daar geen offer vir die sonde meer oor nie" (Hebreërs 10:26). "As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie" (1 Johannes 2:15). "Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel" (Johannes 15:14). "Want as julle na die vlees lewe, sal julle sterwe" (Romeine 8:13).

SEWE

## DIE GEVAAR DAARVAN OM 'N VERWORPENE TE WEES

Paulus het die angswekkende moontlikheid besef daarvan om aan die einde uit God se teenwoordigheid verwerp te word tensy hy die vleeslike neigings tot sonde beteuel het, "dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie" (1 Korinthiërs 9:27). Die woord wat Paulus gebruik het – "verwerplik" – is baie interessant. Dit is die Griekse woord "adokimos," wat op ander plekke as "goddeloos" vertaal word. 2 Korinthiërs 13:5 verklaar inderdaad dat Jesus Christus nie in die hart wat "goddeloos" (adokimos) is, kan woon nie. Titus 1:16 praat van die afskuwelikes en ongehoorsames, wat "te goddeloos [adokimos] vir elke goeie werk" is. Paulus het sekerlik niks anders in gedagte gehad behalwe dat hy verlore kan gaan indien hy sou toelaat dat sonde weer sy lewe sou oorneem nie.

Paulus praat ook van die moontlikheid van wedergebore gelowiges wat veroordeling ervaar omdat hulle die Here se Avondmaal onwaardig gebruik. "Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself" (1 Korinthiërs 11:29). Niemand kan ontken dat hierdie mense wat deelgeneem het aan die simbole van verlossing, toegewyde

Christene was nie. Kon hulle veroordeel word en verlore gaan? Paulus het gesê dat hulle kon. Wat is veroordeling? Dieselfde Griekse woord, ‘krima’, word in 1 Timótheüs 5:12 gevind. “En kom onder ‘n oordeel [krima], omdat hulle hul eerste geloof verwerp het.” Hoe duidelik is dit nie dat gelowiges “hulle eerste geloof kan verwerp” en finaal veroordeel kan word nie.

Ek het dikwels na ‘n verduideliking geluister van ewige sekerheid gebaseer op die ooreenstemming met seunskap. “My kind is in my familie gebore, en hy sal altyd my kind wees. Hy kan nie ongebore raak nie. Of hy nou gehoorsaam of ongehoorsaam is, hy sal altyd my kind wees.” Hierdie redenasie vermy die kern geskilpunt. Die vraag is nie of ‘n kind “ongebore” kan raak of nie, maar of dit nie siek kan word en kan sterf nie. Geen dokter vermaan nuwe ouers oor die gevare van die baba wat ongebore kan raak nie, maar hy het baie te sê oor behoorlike versorging om te voorkom dat dit sterf. Inderwaarheid, as die baba nie gevoed word nie, sal dit spoedig sterf. Op dieselfde manier, het Jesus gesê, “As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, *het julle geen lewe in julleself nie*” (Johannes 6:53, beklemtoning bygevoeg). Waarvan het Hy gepraat? In vers 63 het Hy verduidelik, “Die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en *is lewe*,” beklemtoning bygevoeg. Tensy die Christen deur die Woord van God lewe, kan hy nie voortgaan om deel te hê in die geestelike lewe wat van Hom verkry word nie.

Het ons duidelik vasgestel dat voortgesette gehoorsaamheid nodig is vir uiteindelike verlossing? Paulus het geskryf “Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie” (Romeine 6:16)? Wanneer ‘n persoon kies om Christus nie langer te gehoorsaam nie en in plaas daarvan die duiwel gehoorsaam, behoort hy nie langer

aan Christus nie, maar aan Satan. "Wie die geregtigheid doen, is regverdig … Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel" (1 Johannes 3:7,8).

Die skrywer van die boek Hebreërs gee menige spesifieke vermanings teen die afdwaling van die geloof. Hebreërs 10:23 begin met 'n argument teen die "eenkeer gered, altyd gered" standpunt wat niemand kan weerlê nie. Die gedeelte begin so: "Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou." Hierna word vermanings gegee aan diegene wat dalk in die versoeking mag kom om hulleself af te sonder van die samekoms van gelowiges. Klaarblyklik is hierdie een van die eerste tekens van afvalligheid. Die skrywer van hierdie sendbrief, en ek dink dit was Paulus, sluit homself in die waarskuwing in. Hy skryf, "Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?" (vs. 26-29, beklemtoning bygevoeg). Die mense wat hier beskryf word, was deur die waarheid geheilig, maar hulle het in opsetlike afvalligheid verval.

Die laaste paar versies van die hoofstuk waarsku nou teen die verwerping van hulle vertroue. Let noukeurig hierop! "Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie. Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry … Maar die regverdige sal uit die geloof lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie. Maar by ons is daar geen onttrekking tot

verderf nie, maar geloof tot behoud van die lewe" (vs. 35-39). Hoe kan iemand nou die feit duideliker stel dat iemand se ewige verlossing voorwaardelik is daaraan dat hy tot die einde standvastig bly? Tensy daar die moontlikheid was dat iemand sy vertroue kan verwerp, dat hy in verdoemenis kan terugval, waarom anders sou hierdie man van God dan so 'n waarskuwing gerig het as wat hy wel gedoen het?

In Hebreërs 6:4-6 vind ons nog 'n treffende stelling. "Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en *afvallig geword het* – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak" (beklemtoning bygevoeg). Nou dink ek dat dit baie moeilik sou wees om 'n persoon wat wedergebore is, maar wat later teen God gerebelleer het en Christus verwerp en die Heilige Gees versmaad het, meer volledig te beskryf. Hy het homself buite God se bereik geplaas deur sy eie dade. Dus is daar geen moontlikheid dat so 'n persoon gered kan word solank as wat hy voortgaan om Christus te kruisig deur sy ongehoorsaamheid nie.

AGT

## TAKKE KAN AFGESNY WORD

In die elfde hoofstuk van Romeine bespreek Paulus die feit dat baie van die fisiese saad van Israel God se Seun verwerp het en dus afgesny was. Hy gebruik die illustrasie van 'n olyfboom. Die takke was die kinders van Israel, maar as gevolg van hulle ongeloof, was hulle afgebreek, soos wat u in verse 17 tot 20 sal lees. Toe is wilde olyftakke ingeënt, wat die

Heidense Christene voorstel. Let nou op die volgende vermaning: "Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie. Let dan op die goedertierenheid en die gestrengheid van God: gestrengheid oor die wat geval het, maar goedertierenheid oor jou *as jy in die goedertierenheid bly; anders sal jy ook afgekap word*" (vs. 21,22, beklemtoning bygevoeg). Let asseblief daarop dat enige sekerheid vir daardie takke heeltemal afgehang het van hulle verbinding met die boom. Die sekerheid was voorwaardelik.

Kom ons kyk of Petrus ook met hierdie menings van Paulus saamstem. In die eerste hoofstuk van sy tweede sendbrief word 'n aantal eienskappe genoem wat in die lewe van elke Christen geopenbaar moet word. Hierdie word in verse 5 tot 7 genoem, en let op dat hy skryf "aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 1:1). Aan hulle was "alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur *sy* heerlikheid en deug" (vs. 3). Dit is heeltemal duidelik dat Petrus hierdie aanmerkings rig aan diegene wat hulle bekeer het. Let egter ook op die waarskuwing wat hy gee: "Want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie" (vs. 9,10). Hierdie dui sekerlik aan dat Christene van die genade kan afdwaal. Hulle kan terugdraai daarvan om Jesus te volg. Hulle kan self afvalliges word soos die woord dit duidelik stel.

In die derde hoofstuk van dieselfde sendbrief gaan Petrus voort om te sê, "Daarom geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor

Hom bevind mag word in vrede" (2 Petrus 3:14). "Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie" (v. 17). Ons sien dus dat Petrus wel saamstem met Paulus dat Christene op hulle hoede moet wees sodat hulle nie sal omdraai nie, en hy wys op die hartseer lot van diegene wat terugkeer na sonde nadat hulle bekeer is.

Een van die kragtigste tekse in die Bybel wat bewys dat 'n persoon van Christus kan wegdraai en verlore kan gaan selfs nadat hy 'n belydenis van redding gemaak het, is 2 Petrus 2:20-22: "Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die Here en Saligmaker, Jesus Christus, die besmetting van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol." Die les hierin is ooglopend.

Diegene wat 'n standpunt inneem wat onvoorwaardelike sekerheid ondersteun, sê dat God se seuns nie deur honde en sôe verteenwoordig kan word nie. Petrus sê egter dat dit wel so kan wees – en dit is die mees gepaste van illustrasies. Die spreekwoord is pynlik direk. Hierdie gelowiges het die besoedelings van die wêreld vrygespring deur die kennis van die Here en Verlosser, Jesus Christus. Hulle was bekeerd. Hulle het by Christus se kant aangesluit. Hulle het hulle lewens aan Hom oorgegee, maar hulle het die wêreld en die "modderpoel" van sonde onthou. Net soos die Israeliete wat uit

Egipte gekom het, het hulle die "vleispotte", die "preie en uie" onthou. Hulle het die plesiere van sonde onthou; en dus het hulle Christus verlaat en weer terug na die wêreld gegaan soos die sog wat na die modder terugkeer en daarin rol. Sekerlik behoort geen Christen die gewoontes van 'n sog na te volg nie, maar Petrus se spreekwoord wys dat dit moontlik is.

Die Gees van God swyg nie oor hierdie punt nie. Luister: "Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige *van die geloof afvallig sal word* en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang" (1 Timotheus 4:1, beklemtoning bygevoeg). Wanneer sal dit gebeur? Wanneer sal sommige van die geloof afdwaal? In die laaste dae. Dit sal nou wees, sal dit nie? Dit sal die tye wees waarin ons leef – die tye onmiddellik voor ons. Indien u nog nie voorheen daaraan gedink het nie, hierdie is gevaarlike tye. En indien u nog steeds nie oortuig is nie, lees die hoofopskrifte van môre se koerante aandagtig.

Op hierdie punt "spreek die Gees uitdruklik." Wat beteken dit? Dit beteken die Gees praat eenvoudig, duidelik – so duidelik dat dit onmoontlik is om dit nie te verstaan nie. Nou goed dan, wat sal sommige doen? Sommige sal van die geloof afdwaal. Dit is dus moontlik om die geloof te verlaat, is dit nie? Sommige doen dit wel. Hulle was in die geloof, hulle het saam met die broeders aanbid, hulle het kerk bygewoon en die biduur. Hulle het die evangelie aktief verkondig, hulle het van hulle middele gegee, hulle was predikante, ampsdraers in die kerk, en leidende leke; nietemin verlaat hulle die geloof. Hulle is nie standvastig en getrou nie. In die laaste dae kom gevaarlike tye, met vervolgings en ernstige probleme, en sommige staan nie. Hulle word versoek deur die dinge van die wêreld en word deur die geeste van duiwels verlei. Dit is hartseer om te sê dat hulle hulle trou aan die Man van die kruis

prysgee. Hulle was aan Christus se kant, maar nou skaar hulle hulle by Sy vyand.

Moet asseblief nie misverstaan nie. Indien u onvoorwaardelike sekerheid wil hê, kan u dit kry. Dit is in Christus, op ‘n dag-tot-dag, oomblik-tot-oomblik, grondslag. Wanneer u Christus aanneem en by Hom bly, sal u oorwin. Daar is en kan geen mislukking van Christus se kant wees nie. Hy sal nie misluk nie; Hy is getrou. “Werp jou sorge op die Here, en Hý sal jou onderhou” (Psalm 55:23). Hy sal by u staan solank as wat u by Hom staan. Jesus het van Homself gesê, “Ek is die weg, die waarheid en die lewe” (Johannes 14:6). En Johannes het van die Here geskryf: “En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Johannes 5:11,12).

Baie nie-Christene dink dat hulle sekerheid het. Hulle sal vir u sê dat hulle glo dat God hulle in die hemel sal toelaat. Hulle sal sê, “Ek is so goed soos die mense in die kerk,” of “Ek voel ek sal gered word sonder om kerk toe te gaan.” Die waarheid is egter dat geen mens op grondslag van sy gevoelens gered word nie. Hy mag opreg wees, maar sy opregtheid sal hom nie red nie. Hy mag eerlik wees, geloofwaardig, moreel, en ‘n eersteklas burger, maar dit sal hom nie red nie. Hy mag ‘n vrygewige ondersteuner van die kerk wees en iemand wat aan die behoeftiges gee, maar dit sal hom ook nie red nie. Geen mens word deur sy werke gered nie, hoe goed dit ookal mag wees.

Onthou dit en vergeet dit asseblief nooit nie: Christus is die Verlosser, nie u gawes, en ook nie u werke nie. Hy bied u verlossing as ‘n vrye gawe. Dit is in Christus, en wanneer u Christus ontvang, het u verlossing. “Hy wat die Seun het, het die lewe” (1 Johannes 5:12). Indien u egter nie die Seun het

nie, het u nie die lewe nie, en kan u nie ewigdurende sekerheid hê nie, totdat u Christus die Seun het en hou nie.

NEGE

## WAT BETEKEN DIT VIR DIE CHRISTEN OM SY "EERSTE LIEFDE" TE VERLAAT?

"Maar Ek het teen jou dat jy jou *eerste liefde* verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (Openbaring 2:4,5, beklemtoning bygevoeg).

Vir die Christen om sy eerste liefde te verlaat, is om afvallig te word, om terug te val, om die Here en Sy diens te verlaat, en om sonde, Satan, en die wêreld te dien. Die Here roep al diesulkes om hulle te bekeer en na hulle eerste werke terug te keer (die vrugte van liefde), of anders – wat anders? "Ek sal jou kandelaar van sy plek verwyder." Hierdie is 'n ultimatum van die Here. Indien die sondaar reageer, hom bekeer, en na sy eerste liefde terugkeer, en sy eerste werke doen, is alles goed en wel - hy sal gered word. Maar hy moet die keuse maak. Indien hy dit nie doen nie, word sy lig verwyder en uitgeblus, en die afvallige is verlore.

TIEN

## KEER 'N AFVALLIGE ALTYD TERUG NA DIE HERE VOOR SY DOOD

Nee, geensins nie. Dit was die geval met die eerste koning van Israel, Saul. Daar word van Saul geskryf dat hy "in 'n ander mens verander het." "En die Gees van die Here sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer en *in 'n*

*ander mens verander word*" (1 Samuel 10:6, beklemtoning bygevoeg). Saul het egter van sy hoë en verhewe posisie teruggeval, die Here nie gehoorsaam nie, en het uiteindelik sy eie lewe geneem (1 Samuel 31:16). Dit kan nie in hierdie geval gesê word dat Saul nie bekeer was nie, omdat God sê dat hy was. Nogtans het hy sy eie lewe geneem sonder enige geleentheid vir bekering.

ELF
## GEEN MENS KAN UITGERUK WORD NIE

Laat ons nou uiteindelik na die teks kyk wat waarskynlik meer as enige ander aangehaal word om die leerstelling van ewigdurende sekerheid te ondersteun. Jesus het gesê, "En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie" (Johannes 10:28,29).

Wat ‘n ongelooflike belofte behoort hierdie nie te wees vir elke vertrouende kind van God nie! Met die eerste oogopslag lyk dit asof dit een of ander soort immuniteit teen geestelike verlies waarborg, maar ons het nie die hele gedeelte gelees nie. Vers 27 is ‘n integrale deel van die gedagte, en dit lê ‘n spesifieke voorwaarde neer vir die vervulling van die belofte in verse 28 en 29. "My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe." Let asseblief daarop dat dit slegs God se getroue volgelinge is wat veilig in Sy beskermde hand is. Hy gee die ewige lewe slegs aan die getroue skape wat Hom hoor en volg. Dit is hierdie hoor en volg wat immuniteit verleen daarteen om deur die duiwel of sy agente weggeruk te word. Die beskerming is teen

vyande van buite, wat die skape wil wegdra, maar nie teen ontrouheid van die skaap wat mag kies om nie langer te volg nie. Niemand kan hulle uit die Vader se hand ruk nie, maar hulle kan kies om op enige tydstip uit te spring. God gee nooit te kenne dat Hy met die vryheid van keuse van Sy volgelinge sal inmeng nie. *Christene kan kies om verlore te wees net so seker as wat sondaars kan kies om gered te word.*

Dink net hoe nutteloos al die honderde bybelse waarskuwings teen afvalligheid sou wees indien dit onmoontlik sou wees om dit te ervaar. Waarom sou die Gees Paulus, Petrus, en al die ander gelei het om sulke ernstige dreigemente en vermanings teen ewige verlorenheid neer te pen indien hulle nie in gevaar gestaan het om dit te ervaar nie? En indien dit waar is dat die “eenmaal gereddes” ewigdurende sekerheid het, sou die duiwel dit beslis geweet het. Hy sou dus nooit enige tyd verspil het op gelowiges nie, omdat hy sou geweet het hoe onmoontlik dit sou wees om hulle verlore te laat gaan. Ons weet egter almal uit ondervinding dat Satan selfs harder werk om die heiliges weg te trek daarvan om Christus te volg.

Ons moet tot die gevolgtrekking kom dat verlossing nie bestaan uit een enkele, onomkeerbare toewyding nie – of dit nou in die verlede of hede is. Om gered te wees, is die ondervinding om Christus se eie lewe te leef deur goddelike toerekening en mededeling. Dit is nooit ‘n werklikheid nie, behalwe in ‘n voortgesette, dinamiese verhouding met Jesus, die bron van die ewige lewe. Daar moet in al drie tydvorms daarvan gepraat word om gered te wees ten einde ten volle bybels te wees. Dit het gebeur, dit gebeur, en dit sal gebeur. Miskien sal hierdie illustrasie deur Glenn Fillman help om dit te verduidelik.

TWAALF

## GERED – IN DIE VERLEDE, HEDE, EN TOEKOMS

Bill Jones is besig om ‘n paar kilometer ver in die see vis te vang. Sy bootjie slaan om en sink na die bodem van die see. Hy kan nie na veiligheid swem nie. Net toe kom daar ‘n ander vissersbootjie verby, maar dit is so swaar gelaai dat dit onmoontlik is om nog ‘n passasier aan boord te neem. Omdat die bemanning egter die gedoemde man wou red, gooi hulle vir hom ‘n tou. “Hier, neem die tou,” sê hulle. “Ons sal jou land toe sleep.” Terwyl hy die tou neem, sê Bill Jones, “Dank God, ek is gered!” En hy is gered, solank as wat hy aan die tou vashou. Verlossing is syne, maar hy het ‘n rol om daarin te speel. Indien hy op enige tydstip sy greep op die tou sal verslap en weier om dit weer in sy hande te neem, sal hy verlore wees. Net so is dit met ‘n persoon wat van sonde gered is. Hy bly gered solank as wat hy aan die hand van Christus vashou. Indien hy sou besluit om daardie hand te los en die hand van die duiwel vas te hou, sal hy verlore wees. Sy verlossing hang af van sy besluit en sy daad.

In werklikheid kan ‘n mens van verlossing in drie tydvorms praat – verlede, hede, en toekomstige. Hy kan sê,”Ek is gered” wanneer hy die tou neem, “ek word gered” wanneer hy na die land gesleep word, en “ek sal gered wees” wanneer hy sy voete stewig op die strand plaas. ‘n Bekeerde persoon *is gered* van die loon van sonde. Ons noem dit regverdigmaking. Hy *word gered* van die krag van sonde, en ons noem dit heiligmaking. Hy *sal gered wees* van die teenwoordigheid van sonde wanneer Christus kom, en dit sal verheerliking wees. Al drie hierdie tydvorms word in die Bybel gebruik in verband met redding.

In Romeine 8:24 is die uitdrukking, “Want ons is gered in hoop.” Weymouth is ‘n meer akkurate vertaling. Hy sê, “Ons is

gered," verlede tyd. Die *Revised Standard Version* gee die gedeelte in 1 Korinthiërs 1:18 korrek as "vir ons wat gered word." Dan sê Handelinge 15:11 "dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word." U sien dus, verlede, hede en toekomstige.

Kom ons maak nou seker dat niemand die verkeerde indruk kry uit ons illustrasie van die man wat gered word van verdrinking nie. Beteken die feit dat hy aan die tou moet vasou om gered te word dat ons ons verlossing deur ons eie werke kan verdien? Gewis nie, 'n duisend maal nee! Onthou dat hy deur 'n krag anders as sy eie getrek was. Hy het slegs met daardie krag saamgewerk. Hy het aan die tou vasgehou. Hy moes dit doen sodat hy na veiligheid getrek kon word. As Christene moet ons ons geloof in Christus bely, ons moet standvastig bly aan Hom, ons moet die vrugte van gehoorsaamheid dra; dit is ons deel om aan Christus vas te hou. Hy sal ons nooit laat gaan nie. Die enigste manier waarop ons onsself van Hom kan skei, is deur onsself met voorbedagte rade af te sny en onsself van Hom te skei, maar ons het die reg om dit te doen. Ons is nog steeds vrye menslike wesens. Ons wil is nie verwyder slegs omdat ons Christene geword het nie.

Op enige tydstip in ons Christelike lewe kan ons besluit om terug te draai, om te kies om dinge van die wêreld te doen eerder as die dinge van God en die hemel. Ons word gered slegs deur geloof in Jesus Christus as ons Verlosser. "Want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Handelinge 4:12). Ons toon egter ons geloof deur ons werke. Dit is 'n bewys van ons liefde vir Hom. Om God se gebooie te onderhou en reg te doen, is slegs die gevolg van Sy Heilige Gees wat in die hart woon. Hierdie is die vrugte van die Gees.

Ons doen hierdie dinge, nie om gered te word nie, maar omdat ons gered is.  En solank as wat ons die Here met ons hele hart liefhet, gaan ons gehoorsaam wees aan Hom.  Ons sal die tou nie los nie.  Ons sal aanhou om vas te klou aan Christus as ons enigste hoop.